In die reeks UV Teologiese Studies het reeds verskyn:

1. *Voorberei en Toegerus* — Prof. P.C. Potgieter (Red.)
2. *Abraham Kuyper na 150 jaar* — Prof. E.P.J. Kleynhans (Red.)
3. *Stres by Predikantsvroue* — Prof. P.J. Rossouw (Red.)
4. *Die bediening van die Kerk in 'n veranderende Suid-Afrika* — Prof. P.J. Rossouw (Red.)
5. *'n Visie van die bediening* — Prof. S.D. Snyman en Ds. D.F. Tolmie (Red.)
6. *Die evangeliebediening aan demonies (okkult) gekweldes* — Prof. J.H. Smit (Red.)
7. *Surrogaatmoederskap* — Prof. M.H.O. Kloppers (Red.)
8. *Dordt na 375 jaar 1619 - 1994* — Prof. R.M. Britz en S.A. Strauss (Red.)
9. *Kleingroepbediening en selgemeentes* — Prof. R.M. Britz (Red.)

Kan bestel word vanaf: CLF-Uitgewers
Posbus 19
Bloemfontein
9300

# Die Keuse vir 'n Gereformeerde Kerkorde

Redakteurs
R. M. BRITZ
L.M. ERASMUS

**UV Teologiese Studies No. 10**

Laat die Gereformeerde Belydenisskrifte vir ons daardie middel bly waardeur ons geloof in God vernuwe word en die mens homself geheel en al aan God oorlaat (Fil. 1:21).

## RAADPLEEG VERDER

JONKER, W.D.
1994. *Bevrydende waarheid.* Hugenote-Uitgewers, Wellington.

KÜNG, H.
1968. *The church.* Burns & Dates, Kent.

NYIRONGO, L.
1997. *The gods of Africa* or *The God of the Bible*. PU for CHO, Potchefstroom.

VILLA-VICENCIO, C.
1995. *Being the church in South Africa today.* SACC, Johannesburg.

WRIGHT, D.F. *et. al.*
1988. *New Dictionary of Theology.* Inter-Varsity Press, England.





# GOEIE WYN HET NIE 'N UITHANGBORD NODIG NIE. DIE ONMISBAARHEID VAN DIE GEREFORMEERDE BELYDENISSKRIFTE VIR DIE GEMEENTE VANDAG

R.M. BRITZ[1]

In die alledaagse lewe van die gemeente het die gereformeerde belydenisskrifte vergete geraak. Dit is tewens duidelik dat hulle beswaarlik nog 'n rol speel in die handel en wandel van die gemeente. Hulle slaag nie meer daarin om lidmate aan te spreek en in die uitleef van die geloof 'n verskil te maak nie. Vir die meeste gemeentelede maak dit ook nie saak nie. Wat hulle betref, het die belydenisskrifte hulle seggingskrag verloor.

In hierdie toedrag van sake skuil daar egter vir die bestaan van die gemeente 'n onheilspellende gevaar. Immers, in die belangeloosheid by die belydenisskrifte kan die gemeente nie net sy verbintenis met die Reformasie verloor nie, maar veral ook met die onvergelyklike manier waarop die Reformatore die geloof in Christus Jesus tot uitdrukking gebring het. Die doel van hierdie bydrae is dus om in te gaan op die redes waarom die verbintenis met die Reformasie onontbeerlik is en waarom dit van deurslaggewende belang vir die gemeente is om die hedendaagse ongeërgdheid oor die belydenisskrifte hok te slaan.

## 1. DIE BELYDENIS VAN DIE GELOOF: CONFESSIO OF PROFESSIO?

Die onmiddellike vraag is sekerlik wat die Reformasie dan beet gehad het wat ons vandag in die gemeente nie durf verloor nie? Was alles dan op só 'n verhewe troontjie dat die gemeente hom steeds gedweë daaraan moet onderwerp? Is dit billik om van die gemeente te verwag om aan die leiband van belydenisskrifte uit die 16de eeu te loop? Hierdie vrae verdien deeglike oorweging. Die antwoord daarop sal nie net die blywende belang van die Belydenisskrifte aantoon nie, maar ook verduidelik waarom die gemeente hierdie vergeetboeke weer moet afstof.

Bepaal ons ons by die Reformasie, is dit merkwaardig dat die Reformatore die begrip confessio (confessus) vir die belydenis van die geloof gebruik het. Daarmee het hulle doelbewus vir 'n ander term as die kontemporêre Roomskatolieke ekwivalent professio (professus/profiteor) gekies. In Latyn beteken confessio en professio nie dieselfde nie. In die keuse vir die een ten koste van die

[1]. Prof. R.M. Britz, Departement Ekklesiologie, Fakulteit Teologie, UOVS, Posbus 339, Bloemfontein 9300.

ander tree die kern van die onversoenbare verskil tussen Rome en die Reformasie aan die lig.

**Confessio** is die manier waarop uitdrukking gegee word aan iets wat in die eie lewe ontdek of raakgesien word. Dit is die erkenning van en vereenselwiging met 'n saak wat nie deur menslike toedoen geskep is nie, maar tot stand gekom het deur 'n ander oorsaak. Die bestaan hiervan word dan bely: confessus. Deur confessio te gebruik om die belydenis van die ware geloof weer te gee, het die Reformatore uitnemend daarin geslaag om die wesenlike aard van die geloof, naamlik dat dit in die mens geskep word deur die werking van die Heilige Gees en die hoor van die Woord van God, tot uitdrukking te bring. Daarmee bly hulle in lyn met die oortuiging dat die geloof self ons nie regverdig maak nie. Dit is maar 'n middel waardeur ons Christus en al sy weldade, ook sy geregtigheid en vryspraak, omhels. Dit is 'n middel wat aan ons geskenk word, 'n gawe uit die hand van die Here wat Hy ook in ons lewens in stand hou. Teen hierdie agtergrond is dit duidelik waarom die begrip confessio soos 'n handskoen pas om die onverdienstelike karakter van die geloof en die belydenis daarvan, in woorde uit te druk. Op 'n onverkorte manier word hiermee die gratuïtiewe aard van die genade gestand gedoen. Die geloof en die belydenis van die geloof (confessio) druis nie hierteen in nie, maar kom in diens van die oortuiging dat ons uit louter genade allèèn gered word. 'n Sprekende voorbeeld van die aanwending van die begrip confessio in hierdie sin, is die bondige belydenis (confessio) van die geloof wat Calvyn in Genéve in 1547 opgestel het.

**Professio** hierenteen is die amptelike aankondiging of verwoording van 'n saak wat sèlf tot stand gebring is. Dit gee rekenskap van eie insigte, dìt staan in die teken van die herinterpretasie of aktualisering van die tradisie, wie se herkoms en oorsprong deur eie inisiatief bepaal is. Vanselfsprekend kom professio dus te pas vir die Rooms-katolieke opvatting van die geloof as 'n werksaamheid waarmee die mens sy saligheid verdien. Een van die beste voorbeelde hiervan is die belydenis (professio) van die kerklike geloof wat by die Konsilie van Trente in 1545 tot 1564 uitgewerk is. Omdat die geloof as 'n menslike werksaamheid verstaan is, het die nuwe professio by die Konsilie voorsiening gemaak vir die aktualisering en herinterpretasie daarvan op so 'n wyse dat die Kerk in die vernuwing van sy tradisie weer aan relevansie probeer wen het.

Hieruit is dit duidelik dat die keuse tussen confessio en professio destyds veel meer as net 'n intellektuele woordespel was. Calvyn het doelbewus vir die begrip confessio gekies om daarmee uitdrukking te gee aan 'n opvatting van die geloof, wat verskil het van dié, van Trente. Dit was dus nie om't ewe hòè die geloof bely moes word nie. Dit is bepaal deur die verstaan van die Evan-





gelie. In die volgende paragraaf word op die woordkeuse van Calvyn en die Reformatore ingegaan om daarmee die wesenlike van hulle oortuiging aan te dui.

## 2. DIE BYBEL EN DIE BELYDENIS (CONFESSIO) VAN DIE GELOOF

Om die geloof in terme van 'n confessus te bely, het die Reformatore in die Bybel gekry. Een van die klassieke tekste waarop hulle hulle beroep, is Matteus 16:13-20. Op 'n keer, toe die Here Jesus in die streke van Sesarea-Filippi gekom het, wou Hy van sy dissipels weet: Wie sê julle, so staan dit daar geskrywe, is Ek? Dan antwoord Petrus: U is die Christus, die Seun van die lewende God. Jesus noem hom dan gelukkig of salig, want, sê Hy, dit is nie 'n mens (vlees of bloed) wat dit, naamlik dat Jesus die Christus is, aan hom geopenbaar het nie, maar die Vader wat in die hemel is. In uitdruklike taal kondig die Here Jesus dan aan dat Hy Self op hierdie rots sy kerk sal bou, en dat die magte van die doderyk dit nie sal oorweldig nie.

In die reformatoriese uitleg van hierdie Skrifgedeelte is die **rede waarom** Petrus met juis hierdie belydenis vorendag kom, van groot belang. Daarin word aangehaak by wat Christus Self hieroor sê, naamlik dat Hy dit toeskrywe aan 'n genadevolle handeling van die Vader. Geen mens, nie die kerklike amp (biskop of pous) en ook nie sy eie innerlike mens, het dit aan Petrus meegedeel dat Jesus die Christus is nie. Dit het van die Vader gekom. En, wat Hy gee, of oopmaak (openbaar), loop uit op 'n ontwyfelbare erkenning en egte belydenis (confessus) daarvan. Die punt is dus dat die belydenis van Petrus sy oorsprong in die openbaring van die Vader het. En, nie in sy eie godvrugtigheid, of vroomheid, of geheiligde lewenswandel nie. Dit beteken ook dat hierdie belydenis wesenlik nie 'n kerklike of amptelike geloofsantwoord (professio) kon wees nie. Dit is die rede waarom Calvyn nie professio nie, maar confessio gebruik om die geloof mee te verwoord. Daarmee is die onverdienstelike karakter van die geloof gehandhaaf.

In die res van die Nuwe Testament het die Reformatore ook hierdie saak teëgekom. So wys (byvoorbeeld) I Timoteus 3:15-16 op 'n aangrypende wyse daarop dat die onteenseglikheid van die waarheid wat bely word, geleë is in die feit dat dit geopenbaar is. Wat is geopenbaar? Dat Jesus as mens in die wêreld gekom het, dat deur die Gees bevestig is dat die reg aan sy kant is, dat Hy aan engele verskyn het en aan die heidennasies verkondig is, dat Hy in die hele wêreld geglo is en in heerlikheid opgeneem is. Dit is **daarom** 'n betroubare woord wat sonder voorbehoud aanvaar kan word. Hiervan is die gemeente die draer, en nie die uitvinder nie. Die gemeente beskik nie daaroor nie. Diè waarheid beskik oor die gemeente.

Op presies dieselfde manier bring Kolossense 1:15-20 die belydenis dat die Seun die Eerste is in verband met die Goddelike openbaring. In Filippense 2:5-11

erkenning kom immers van Hom. Net so, terloops, het die Here God Self die inhoud van die geloof aan die ou Verbondsvolk deurgegee (vgl Numerie 15:37-41, Deuteronomium 6:4-9, 11:13-21), sodat ook Israel reeds kon bely dat die Here onse God die enigste Here is. So is die hegte fondament vir die belydenis (confessus) van die geloof reg van die begin af deur die Here Self gelê. Die Ou Testamentiese verbondsvolk het dus nie die geloof in terme van hulle godsdiens as 'n professio tot uitdrukking gebring nie.

In al hierdie tekste staan dit soos 'n paal bo water: die geloof wat bely word, kom van die Here. Niemand kan sê dat Jesus die Here is, behalwe deur die Heilige Gees nie (I Korintiërs 12:3, vgl ook I Johannes 4:12 ev). Die geloof wat ons - en Petrus - bely, kom van die Vader. Presies dit was vir die Reformatore allesbepalend met betrekking tot die manier waarop hulle die aard en wese van die belydenisskrifte verstaan het. Daaraan wou hulle met die begrip confessus uitdrukking gee. Hulle kon nie met professio reg laat geskied aan dit waarvan hulle oortuig geraak het nie. Dan sou hulle weer soos Rome geroem het op hulle geloof. Met professio word immers weer 'n menslike waarde aan die geloof toegeken. Dit wou die Reformatore nie doen nie. Met confessio wou hulle daardie spesifieke geloof, wat van die Vader kom, in woorde omsit. Daardie geloof, wat in hulle harte uit niks uit geskep is. Daardie geloof wat, soos I Korintiërs 2:9 dit uitspel, "die oog nie gesien het en die oor nie gehoor het nie en wat in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, maar wat God gereed gemaak het vir die wat Hom liefhet."

Dit is hierdie geloof wat die wêreld oorwin het. Dit word bely (confessio). Belydenis as professio bring 'n ander geloof tot uitdrukking, die geloof van die vaders, die kerklike tradisie, die geloof waarvoor self verantwoordelikheid aanvaar is. Maar, dit is die geloof wat om hierdie rede deur die wêreld oorwin is.

## 3. DIE BYBEL EN DIE REFORMATORIESE BELYDENISSKRIFTE

In die woordkeuse van Calvyn en die Reformatore lê dus 'n konfessionele oortuiging opgesluit wat in die hart van die reformatoriese teologie setel, naamlik dat ons volgens die Skrif uit genade alleen deur die geloof gered word. In die Bybel het hulle geleer dat die geloof nie 'n saligmakende krag is nie. Of dat dit die rede vir of grond is waarop die mens geregverdig word. Die Reformatore het dienooreenkomstig in die manier waarop hulle die belydenis van die ware geloof gestel het, voorsorg getref dat hulle nie die Bybelse begrip van die geloof as genadegawe skade aandoen nie. Daarom het hulle confessio hiervoor gebruik. Hulle was vas daarvan oortuig dat wat Jesus vir Petrus in verband met die belydenis van die geloof, naamlik dat dit op grond van die openbaring van die Vader tot uiting gekom het, gesê het, ten minste ook vir hulle belydenisskrifte moes





tot uiting gekom het, gesê het, ten minste ook vir hulle belydenisskrifte moes geld. Dit het daarop neergekom dat die Bybel, wat as die openbaring van God erken is, die beslissende posisie bekom en behou het.

Dit moet ons nie miskyk nie. Die Bybel was dus vir die Reformatore die bepalende norm waarvolgens vasgestel is wat bely (confessio) moes word. Die gereformeerde belydenisskrifte wou derhalwe niks anders wees nie as woorde onder die Woord. Hulle ontleen hulle inhoud aan die Skrifte, aan die openbaring. Hulle put uit die Skrif, maar, en dit moet dadelik gesê word, vervang nie die Skrif nie. Die Skrif bly in eie reg die norm. Hulle kon dus die geloof bely slegs omdat hulle die Heilige Skrif besit het. Omdat God Hom in sy Woord geopenbaar het. So is die verhouding tussen Skrif en belydenisskrif gesien. En, wou die gereformeerdes hulleself doelbewus op voetspoor van die uitklaring van Jesus aan Petrus, ook aan die openbaring hou.

Die intensie van die gereformeerde belydenis is om uitdrukking te verleen aan die geloof wat die wêreld oorwin het, met ander woorde, die katolieke Christelike geloof. Diè geloof van alle eeue. Die belydenisskrifte was dus alles behalwe iets nuuts. Dit het wel soos 'n helder klok te midde van die tradisionele profissionis (geloofsgetuienisse) van die Rooms-katolieke kerk weerklink. Immers, die gereformeerde belydenis het weer daardie regverdigmakende geloof wat deur die Heilige Gees moontlik gemaak en geskep word, ge-eggo. In pas met die Skrif, gaan dit om die belydenis van die soewereine genade van God. Om hierdie rede is dit nooit grootpraterig of verwaand nie, of het dit die uiterlike skyn van godsdienstigheid nie. Dit is nie roemtaal oor God, oor die kerk, oor die geloofstradisie nie. Dit lê nie rekenskap af (professio!) van 'n teologiese of kerklike standpunt of verklaring nie. Dit kondig homself nie aan nie. Dit is die vreugdevolle en uitgesproke dankbaarheid wat volg op die ontdekking van die Christus van die geloof. Dit mislei nie en skep nie vir homself leermeesters wat net sê wat dit gehoor wil hê nie. Dit word nie gebore in 'n oomblik van waarheid nie, maar deur die Waarheid van die Skrif. Dit loop uit op gesonde en onaanvegbare prediking, wat nie die saak van Christus in diskrediet bring nie. Dit stel verdigsels aan die kaak, omdat dit 'n betroubare woord is. Dit lê getuienis af van Christus wat Homself as offer gegee het om ons van alle ongeregtigheid te reinig. Dit spreek van die genade van God waardeur ons gered word en tot geloof kom. Dit is die dinge waaroor die belydenisskrifte op hulle kenmerkende confessio-manier gepraat het. Die Reformatore het geweet dat die belydenisskrifte nèt op hierdie manier vir die gemeente seggingskrag èn seggenskap hèt. Omdat dit Bybels is, en nie omdat dit soos Trente, 'n eietydse poging tot vitalisering van die geloofstradisie in terme van 'n professio was nie.

vereenselwig. Wat daarin bely is, het ooreengekom met die geloof wat Christus deur die Gees in hulle lewens tot stand gebring het. In die ongedwonge omhelsing van die belydenisskrifte het die gemeentes hulle na 'n tiperende orde geskik. Die eredienste, die liturgie, die liedere korpus, die kategetiese onderrig en die onderlinge vermaning (of tug) en dissipline het die stempel van die belydenis as confessio gedra. Dit het gevolg gegee aan die diens van die Woord, gebede en die sakramente deur die ampte vanuit die gemeente. In met name die liturgiese formuliere is dit onder woorde gebring. Die vereenselwiging met die belydenisskrifte het ook die eenheid van die kerk op 'n unieke wyse vanuit die onderlinge orde en lewe van die gemeente so waarneembaar gemaak dat mense hulle sonder twyfel by die ware kerk kon voeg. Maar, meer nog. Omdat hulle so uitgesproke is oor 'n dankbare lewe wat ontvang word uit die hand van die Vader, het die belydenisskrifte ook aan die alledaagse handel en wandel van lidmate vorm gegee. So het die belydenisskrifte betekenis gekry vir die hele lewe. Die rede hiervoor was dat dit nie 'n protestantse professio was wat in 'n kerklike standpuntstelling of maatreëls vasgevat is en waaraan almal moes konformeer nie. Dit was 'n confessio, in diens van die Skrif, en daarom vry van die dwang en sanksionering van kerklike vergaderings en ampsdraers. Vir die lidmate was daar musiek in.

Die gereformeerdes was dus oortuig dat die aktualiteit van die belydenis in sy Skriftuurlikheid lê. Dit is daarin ingebed en kom daaruit op. Dit lê daarvan getuienis af. Daarom het hulle hulle onontbeerlike seggenskap in die jare wat gevolg het, in die gemeentes behou.

## 4. SONDER DIE CONFESSIO IS DIE GEMEENTE IN 'N VREEMDE KAMP

In die inleiding aan die begin is die oortuiging uitgespreek dat die belydenisskrifte met verloop van tyd desnieteenstaande sy houvas tog op die gemeente verloor het. Volgens die oorspronklike oogmerk van hierdie bydrae moet aangedui word waarom dit vir die bestaan van die gemeente so 'n groot risiko inhou as hy die verbintenis met die belydenisskrifte van die Reformasie sou verloor. Dit moet nou aandag kry.

In die lig van alles wat tot dusver gesê is, is dit eintlik ondenkbaar dat die gemeente die belydenisskrifte wat as confessio tot stand gekom het, in die wind kan slaan. En tog gebeur dit. Uit die historiese oorsig en onderskeiding tussen confessio en professio blyk dit dat so 'n toedrag van sake wèl teologiese en ekklesiologiese implikasies vir die bestaan van die gemeente mòèt hê. As die gemeente homself op 'n afstand van die belydenis as reformatoriese confessio bevind, is hy - dit is die implikasie - soos vee deur die hek in 'n vreemde teolo-





ekklesiologiese implikasies vir die bestaan van die gemeente mòèt hê. As die gemeente homself op 'n afstand van die belydenis as reformatoriese confessio bevind, is hy - dit is die implikasie - soos vee deur die hek in 'n vreemde teolo-giese kamp gejaag. Dan is die singewing van sy bestaan en lewe in die gedrang. Al die sake wat in die gemeente in verband staan met die confessio, sy orde, sy prediking, sy onderrig, sy struktuur, sy benadering, wankel dan en kry 'n ander betekenis en inhoud.

Dit impliseer ten minste 'n breuk met die mees basiese opvattings van die Reformasie. As vrug van deeglike Skrifondersoek, het die Reformatore tot die oortuiging gekom dat die geloof as gawe van God, net as confessio uitgedruk kan word. God het die heil losgemaak uit die greep van die menslike wil en in Sy wil opgeneem, en wel nie na aanleiding van menslike vaardigheid en bevoegdheid nie, maar na aanleiding van sy genade en barmhartigheid. Hierop het hulle die sekerheid van die geloof gegrond en daarvan belydenis (confessio) gedoen. Hierin het ook die diepste troos gelê. Dit is die dinge wat prysgegee word vir die voedsel van 'n vreemde kamp. In werklikheid vind daar 'n inruiling plaas: 'n moderne eietydse professio kom in die plek van die vertroude confessio. Calvyn ontruim sy posisie vir Trente.

Professio staan altyd in verband met die aflê van 'n menslike geloofsgetuienis, en 'n menslike geloofsgemeenskap waarin die geloof as 'n humane attribuut in bedryf gestel word. Die moderne klem op die manipulering van religieuse gemeenskappe aan die hand van psigo-sosiale wetmatighede, word gedra deur die voorveronderstelling dat dit in die belydenis en belewing van die geloof om 'n professio gaan. Vandaar ook die uitgangspunt dat die gemeente 'n geloofsgemeenskap is, wat sy teologie en belydenis moet kontekstualiseer. In die gemeente wat die belydenisskrifte as confessio verlaat het, neem allerlei plaasvervangers gevolglik oor. Dit gaan gewoonlik gepaard met die aandrang en aktivering van die geloof en die gelowiges ter wille van vernuwing, aanpassing, herlewing of selfs kontekstualisering. Dit spoor op nuwe innoverende denke, wat bereken is om te voorsien in die bevrediging van die behoeftes van lidmate.

Hierdie siening van die geloof word selfs op die oorsprong en ontstaan van die Bybel geprojekteer. Hiervolgens is die Bybel 'n bundel tydgebonde geloofsgetuienisse van mense oor God. Hy is nie meer die vir alle tye geldende openbaring van God nie. 'n Professio werk dus op stuk van sake ook met die veronderstelling dat die Skrif self 'n geloofstradisie of tradisies is. Vir Trente was die Skrif daarom skepping van die kerk en onderworpe aan kerklike gesag en uitleg.

Trente het egter nie hierdie kerklike geloofstradisie aan kritiek onderwerp nie. Sommiges het wel. Een van hulle was Michael Servetus (1511-1553). As

is, voer hy aan, dat die kerk die oorspronklike monoteïsme van die Jodendom in 'n onaanvaarbare triteïsme verander het. Veral Paulus is die sondebok wat in sy teologie of interpretasie van die geloofstradisie Jesus van Nasaret na sy dood omgeskakel het tot die Christus van die verlossing en Hom in sy briewe as't ware God laat word het. Volgens die insig van Servetus rus die oortuiging van die Christelike kerk dat Christus God is, op 'n doelbewuste valse veronderstelling. Hiermee is die harmonie van 'n monoteïstiese geloofstradisie verbreek. Dit het oor eeue heen veel smart, ellende, pyn en doodslag tot gevolg gehad. Daarom moet die gemeente in terme van 'n restitusie die Godheid van Christus verwerp en weer die monoteïsme aanvaar. Daarmee sou die Christelike kerk ter selfdertyd in 'n baie beter posisie kom ten opsigte van die Jodendom. Maar, natuurlik ook met Islam, wat as post-Christelike geloof hom eweneens op 'n monoteïsme gaan beroep het. Servetus het die heil van die kerk dus binne 'n interreligieuse beweging rondom die monoteïsme gesien. Daarom het hy van die gemeente gevra om die lewende Christus as Here en God, te verloën.

Sonder om verder hierop in te gaan, het dit so gekom dat Servetus se standpunt nie aanvaar is nie. Destyds was Islamleërs uit Turkye juis besig om die Christelike Europa vanuit die ooste aan te val. Dit het beteken dat Servetus se standpunt ook politieke implikasies gehad het. Dit het 'n bepalende rol gespeel in die doodstraf wat oor hom uitgespreek is en in Genéve in 1553 voltrek is. Servetus het - en dit is die punt - die uiterste konsekwensies getrek van 'n teologiese benadering wat as professio van die geloof begin het. Hy het dit laat eindig by 'n restititio, 'n herroeping van die belydenis dat Christus die Here is, soos die confessio dit onder woorde bring. Daarmee sou die lamp egter van sy staander weggeneem word en sou die gemeente homself in 'n interreligieuse beweging prysgee.

Dit is dus duidelik soos daglig dat die gemeente hom inderdaad by die inruil van die confessio vir 'n professio, in 'n vreemde kamp bevind. Die noulettende leser sou by hierdie tyd al ingesien het waarop die argument in werklikheid afstuur. Dit kan nou ronduit gesê word. As die gereformeerde belydenisskrifte in die vergeethoekie beland, of stof vergader, of sy seggenskrag in die gemeente verloor het, is dit nie omdat hulle te outyds, of uitgedien, of iets dergeliks is nie, maar is dit omdat 'n ander oortuiging hom reeds in die gemeente tuisgemaak het. 'n Oortuiging wat die uitruiling waarvan hierbo gepraat is, in die hand werk. In diens is van 'n nuwe rigting, waarin die mens en sy geloof aan die bewind is. En, nie meer die genade van Christus nie. Dit is die kern van die probleem as die gemeente sy verbintenis met die reformatoriese belydenisskrifte verbreek het. Die hartseer saak is dat dit inderwaarheid met baie gereformeerde gemeentes gebeur het, insluitende die NG Kerk en sy familie.





nie meer die genade van Christus nie. Dit is die kern van die probleem as die gemeente sy verbintenis met die reformatoriese belydenisskrifte verbreek het. Die hartseer saak is dat dit inderwaarheid met baie gereformeerde gemeentes gebeur het, insluitende die NG Kerk en sy familie.

## 5. HOE KAN DIE CONFESSIO VAN DIE GELOOF WEER HERSTEL WORD?

Dit is gevolglik van kardinale belang om ter wille van die saak van die Bybel, die confessio van die Reformatore weer vrye teuels in die gemeente te gee. Maar hoe doen 'n mens dit? Hoe kry ons die confessio van die geloof weer terug in ons gemeentelike bestaan? Wat kan ons doen om die belydenisskrifte hulle onmisbare woord te laat spreek?

Vir diegene wat hieroor bekommerd is, of wat al moedeloos geword het, of wat die handdoek ingegooi het, is daar verrassende nuus. Moenie iets probeer doen nie. Die reformatoriese belydenisskrifte is mans genoeg om dit waarna ons verlang, sèlf te doen. Hulle doen dit al oor eeue heen. Hulle aktualiteit is nie afhanklik van die mate wat dit in die huidige kerklike praktyk aanvaar word nie. Dit is ook nie afhanklik van die mate waarin dit in die gemeentes bekend is nie. Dit is ook nie afhanklik van die mate waarin dit kontekstueel of eietyds is nie. As confessio lê hulle blywende seggingskrag in hulle onverbloemde Skriftuurlikheid. Daarin lê hulle onvernietigbare sterkte.

Wat ons wel kan doen is om hulle kloekmoedig aan die woord te stel. Om daarin weer te hoor hoedat Gods water oor Gods akker loop. Bruisend en onstuitbaar loop! Om daarin te verneem hoedat die confessio van die Reformasie die professio van Trente en die restititio van Servetus om die behoud van die gemeente verslaan. Immers, die Seun van God vergader, beskerm en onderhou deur Sy Gees en Woord vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is uit die ganse menslike geslag in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot aan die einde toe. So klink die musiek van die Evangelie. Ek weet dat hierdie confessio aan woordarmoede lei, maar elke woord is 'n duisend preke werd.

Want sien, goeie wyn het nie 'n uithangbord nodig nie.